

# BESIGHEIDSTUDIËS BESIGHEIDS GELEENTHEDE



**GRAAD 11 KERN NOTAS (2020)**



**Western Cape  
Government**

**ONDERWERP 1: VOORDELE VAN 'N MAATSKAPPY BO ANDER EIENAARSVORME**

<b>TERM</b>	<b>DEFINISIE</b>
Vorm van eienaarskap	Die regsposisie van die onderneming en die manier waarop dit besit word.
Algemene Jaarlikse Vergadering (AJV)	'n Vergadering wat een keer per jaar gehou word, waarin die aandeelhouers 'n verslag ontvang waarin hulle sê hoe goed die maatskappy gevaar het.
Sekuriteite	Aandele en effekte uitgereik deur 'n maatskappy.
Memorandum van Inkorporasie (MOI)	Die dokument waarin die regte, verantwoordelikhede en pligte van aandeelhouers en direkteure uiteengesit word (dien as 'n same-stelling van 'n maatskappy).
Vennootskaps ooreenkoms	'n Dokument wat uitgebreide bepalinge bevat rakende die sake rakende die vennootskap en die vennote.
Prospektus	Prospektus is 'n dokument wat die publiek uitnooi om sekuriteite / aandele te koop.
Regspersoonlikheid	'n Besigheid het sy eie wettige status, handelsnaam en besit bates.
Dividende	'n Bedrag geld wat gereeld (gewoontlik jaarliks) deur 'n maatskappy aan aandeelhouers betaal word uit die winste (of reserwes). Dividende word per aandeel uitbetaal.

**AFKORTINGS & AKRONIEME:**

BK	Beslote Korporasie
(PTY) Ltd.	Property Limited
(Edms) Bpk.	Eiendoms Beperk
Bpk.	Beperk
INC.	Incorporated
Geïnk.	Geïnkorporeer
JSE	Johannesburg Stock Exchange
JEB	Johannesburgse Effekte Beurs
Ltd.	Limited
SOC	State Owned Company
SBM	Staatsbeheerde Maatskappy
NPC	Non-Profit Company
NWM	Nie-winsgewende Maatskappy
SAID	Suid-Afrikaanse Inkomstediens
MOI	Memorandum Van Inlywing/Inkorporasie
CIPC	Companies and Intellectual Property Commission
KMIE	Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom

## **BELANGRIKE KONSEPTE**

### **1. KAPITAAL**

- Geld of bates wat deur die eienaars verskaf word om die besigheid te begin.

### **2. REGSPERSOONLIKHEID**

- Maatskappye en BK's het regspersoonlikheid. Dit beteken dat hulle regtens as afsonderlik van hul eienaars gesien word. Vennootskappe en alleeneienaarsake het nie regspersoonlikheid nie, en word dus as een met hul eienaars gesien. Besighede met regspersoonlikhede mag kontrakte in hul eie naam aangaan, kan dagvaar, en kan ook gedagvaar word – afsonderlik van hul eienaars.

### **3. KONTINUÏTEIT**

- Die vermoë van die besigheid om voort te gaan na die dood of aftrede van die eenaar of meer as een van die eienaars.

### **4. AANSPREEKLIKHEID**

- **Aanspreeklikheid** verwys na die verantwoordelikheid van die eenaar vir die skuld van die besigheid.
- **Beperte aanspreeklikheid** beteken die eenaar/s (kan aandeelhouers of lede wees) kan slegs hul belegging in die besigheid verloor in die geval van 'n besigheid wat insolvent (of bankrot) verklaar word. Die eienaars gaan nie hul persoonlike besittings verloor nie.
- **Onbeperte aanspreeklikheid** beteken dat die eenaar/s hul persoonlike besittings kan verloor as die besigheid insolvent verklaar word, omdat hulle volle verantwoordelikheid moet aanvaar om die besigheid se skuld af te betaal.

### **5. BELASTING**

- Belasting hang van die regspersoonlikheid van die besigheid af.
- Alleeneienaarsake en vennootskappe betaal belasting volgens 'n glyskaal tot 'n maksimum van 45%, na gelang van die hoeveelheid inkomste van hul eienaars.
- Beslote korporasies en maatskappye is regsentiteite en betaal 28% belasting op hul wins, en 'n verdere sekondêre belasting van 20% op wins wat aan lede of aandeelhouers uitbetaal word. Die belastinghoeveelhede kan elke jaar verskil, en moet aangepas word volgens die bedrae wat in die Nasionale Begroting deur die minister van finansies bepaal word.

### **6. STIGTINGSPROSEDURE**

- Die wetlike prosedures/roete wat 'n besigheid moet volg voor dit kan begin handel dryf.

### **7. AFSONDERLIK EN GESAMENTLIK**

- Dit verwys na besighede met meer as een eenaar en beteken dat al die eienaars verantwoordelik is vir mekaar se optrede en vir die skuld van die besigheid.

## 1. EENMANSAAK / ALLEENHANDELAAR

### 1.1. EIENSKAPPE:

EIENSKAP	BESKRYWING
<b>NAAM</b>	Geen wetlike vereistes rakende die naam van die onderneming nie.
<b>GETAL EIENAARS</b>	Slegs 1 eenaar
<b>BESTUUR</b>	Kan vinnige besluite neem sonder om ander te raadpleeg.
<b>KAPASITEIT</b>	Maklik om te beheer aangesien dit 'n klein onderneming is.
<b>WETLIKE VEREISTES</b>	Daar bestaan geen wetlike en administratiewe formaliteite in die vorming van 'n eenmansaak nie.
<b>AANSPREEKLIKHEID</b>	Het onbeperkte aanspreeklikheid en die privaat besittings van die eenaar kan gebruik word om die onderneming se skuld te betaal.
<b>REGSPERSONLIKHEID</b>	'n Alleeneenaar is nie 'n regspersoon nie en ooreenkomste word deur die eenaar in sy / haar persoonlike hoedanigheid aangegaan.
<b>KONTINUÏTEIT</b>	Geen konituïteit aangesien die besigheid afhanlik is van die eenaar se lewe.
<b>KAPITAAL</b>	Persoonlike skuld en besigheidskuld is een dus moet kapitaal versigtig bestee en bestuur word.
<b>WINSDELING</b>	Die wins van die onderneming behoort aan die eenaar, aangesien daar geen onderskeid tussen die eenaar en die onderneming is nie.
<b>BELASTING</b>	Afhangend van hoeveel inkomste die eenaar verdien, kan sy / haar belastingkoers laer wees as die maatskappybelastingkoers.

### 1.2. VOORDELE EN NADELE:

VOORDELE	NADELE
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Maklik &amp; goedkoop om te stig.</li> <li>• Vinnige besluitneming.</li> <li>• Eenaar kry al die wins.</li> <li>• Algemene ondervinding in alle aspekte.</li> <li>• In kontak met klante, verskaffers en werknemers.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onbeperkte aanspreeklikheid.</li> <li>• Het geen regspersoonlikheid &amp; kontinuïteit.</li> <li>• Eenaar aanvaar alle risiko's.</li> <li>• Eenaar fokus op party aspekte en verwaarloos ander.</li> <li>• Eenaar is oorwerk.</li> <li>• Kapitaal is beperk.</li> <li>• Geen werksekerheid nie.</li> </ul>

## 2. VENNOOTSKAP

### 2.1. EIENSKAPPE:

EIENSKAP	BESKRYWING
<b>NAAM</b>	Geen wetlike vereistes rakende die naam van die onderneming nie.
<b>GETAL EIENAARS</b>	2 of meer vennote
<b>BESTUUR</b>	Vennote deel verantwoordelikhede en hulle is almal betrokke by besluitneming.
<b>KAPASITEIT</b>	Uitbreiding is moontlik omdat meer vennote kan aansluit by vennootskap
<b>WETLIKE VEREISTES</b>	Geen wetlike formaliteite om te begin nie, slegs 'n skriftelike vennootskapsooreenkoms word vereis.
<b>AANSPREEKLIKHEID</b>	Vennote het onbepaalde aanspreeklik en is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die skuld van die onderneming.
<b>REGSPERSOONLIKHEID</b>	Vennootskap het geen regspersoonlikheid nie.
<b>KONTINUÏTEIT</b>	Het geen kontinuïteit nie want as daar twee vennote is en die een sterwe af kan die besigheid nie voortbestaan as 'n vennootskap nie.
<b>KAPITAAL</b>	Vennote kombineer kapitaal en mag ook kapitaal by finansiële instellings leen.
<b>WINSDELING</b>	Wins word gedeel volgens die vennootskapsooreenkoms.
<b>BELASTING</b>	Vennootskappe betaal nie belasting nie, vennote betaal persoonlike inkomstebelasting.

### 2.2. VOORDELE EN NADELE:

VOORDELE	NADELE
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Relatief maklik &amp; goedkoop om te stig.</li> <li>• Meer kapitaal as alleeneienaarskap .</li> <li>• Makliker om krediet te kry.</li> <li>• Uitgawes, verantwoordelikeite en take word gedeel.</li> <li>• Almal trek voordeel uit wins.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onbepaalde aanspreeklikheid.</li> <li>• Het geen regspersoonlikheid &amp; kontinuïteit.</li> <li>• Vennote mag verskil.</li> <li>• Besluitneming neem tyd.</li> <li>• Kapitaal is beperk tot die aantal vennote toegelaat.</li> <li>• Een vennoot se oneerlikheid raak die res.</li> </ul>

### 3. BESLOTE KORPORASIE

#### 3.1. EIENSKAPPE:

EIENSKAP	BESKRYWING
<b>NAAM</b>	Die naam moet eindig met die agtervoegsel CC/BK.
<b>GETAL EIENAARS</b>	1-10 lede
<b>BESTUUR</b>	Die woord 'beslote' beteken dat alle lede betrokke is by die bestuur daarvan.
<b>KAPASITEIT</b>	Die oordrag van die belang van 'n lid moet deur alle ander lede goedgekeur word.
<b>WETLIKE VEREISTES</b>	Daar is min wetlike vereistes, bv. oudit van finansiële state / gereelde algemene jaarvergaderings.
<b>AANSPREEKLIKHEID</b>	Lede het beperkte aanspreeklikheid, behalwe waar die BK 6 maande of langer meer as tien lede het.
<b>REGSPERSOONLIKHEID</b>	Die besigheid het 'n regspersoonlikheid...
<b>KONTINUÏTEIT</b>	...sowel as onbeperkte kontinuïteit.
<b>KAPITAAL</b>	Elke lid lewer 'n bydrae van sekere bates / dienste tot die korporasie.
<b>WINSDELING</b>	Winste word gedeel in verhouding tot die belang van die lid in die BK.
<b>BELASTING</b>	Betaal belasting op die winste van die besigheid en op verklaarde dividende van lede. / Onderhewig aan dubbele belasting.

#### 3.2. VOORDELE EN NADELE:

VOORDELE	NADELE
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beperkte aanspreeklikheid.</li> <li>• Het regspersoonlikheid &amp; kontinuïteit.</li> <li>• Maklik &amp; goedkoop om te stig.</li> <li>• Geen AJV nodig nie.</li> <li>• Finansiële state hoef nie geoudit te word nie.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kapitaal beperk tot 10 lede.</li> <li>• As 'n lid sonder kundigheid en omsigtigheid optree, is die lid aanspreeklik vir verliese.</li> <li>• Banke vereis finansiële oudit vir lenings.</li> <li>• Besluite neem tyd.</li> <li>• Kan tot konflik lei.</li> </ul>

## 4. PRIVAAT MAATSKAPPY

### 4.1. EIENSKAPPE:

EIENSKAP	BESKRYWING
<b>NAAM</b>	Die maatskappy se naam eindig met letters (PTY) Ltd. of (Edms) Bpk
<b>GETAL EIENAARS</b>	Minimum van een aandeelhouer nodig en geen beperking op die aantal aandeelhouders.
<b>BESTUUR</b>	Bestuur ten minste deur een bevoegde hoogs geskoolde direkteur.
<b>KAPASITEIT</b>	Daar is geen beperking op die aantal aandeelhouders nie, dit kan tot uitbreiding lei.
<b>WETLIKE VEREISTES</b>	Registreer by die registrateur van maatskappye deur die opstel van Akte van Oprigting
<b>AANSPREEKLIKHEID</b>	Aandeelhouders het 'n beperkte aanspreeklikheid en verloor slegs hul aanvanklike kapitaal wat belê is as die onderneming bankrot raak nie.
<b>REGSPERSOONLIKHEID</b>	Die besigheid het 'n regspersoonlikheid...
<b>KONTINUÏTEIT</b>	...sowel as onbeperkte kontinuïteit.
<b>KAPITAAL</b>	Kapitaal word ingesamel deur aandele aan sy aandeelhouders uit te reik. Beleggers verdien dan winste (dividende) uit aandele.
<b>WINSDELING</b>	Winste word gedeel in die vorm van dividende in verhouding tot die aantal aandele wat gehou word.
<b>BELASTING</b>	Betaal belasting op die winste van die besigheid en op verklaarde dividende van aandeelhouders. / Onderhewig aan dubbele belasting.

### 4.2. VOORDELE EN NADELE:

VOORDELE	NADELE
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beperkte aanspreeklikheid.</li> <li>• Het regspersoonlikheid &amp; kontinuïteit.</li> <li>• Aantal aandeelhouders laat meer kapitaal toe.</li> <li>• Geen AJV nodig nie.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ingewikkelde stigtingsprosedure.</li> <li>• Kan slegs op kapitaal staatmaak wat deur lede bygedra word. (Kan nie geld by algemene publiek verkry vir kapitaal nie.).</li> <li>• Onderhewig aan dubbele belasting.</li> <li>• Jaarlikse finansiële state moet deur 'n gekwalifiseerde persoon hersien word, wat 'n ekstra koste vir die maatskappy is.</li> </ul>

## 5. PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID MAATSKAPPY

- Dit lyk baie soos 'n privaatmaatskappy, en die **DIREKTEURE** van 'n maatskappy vir persoonlike aanspreeklikheid is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir al die skuld en verpligtinge van die maatskappy. Dit beteken dat die direkteure onbeperkte aanspreeklikheid het.

### 5.1. EIENSKAPPE:

EIENSKAP	BESKRYWING
<b>NAAM</b>	Die maatskappy se naam moet eindig met letters INC of Geink.
<b>GETAL EIENAARS</b>	Minimum van een aandeelhouer nodig en geen beperking op die aantal aandeelhouers.
<b>BESTUUR</b>	Hulle moet minstens een direkteur in hul direksie hê.
<b>KAPASITEIT</b>	Daar is geen beperking op die aantal aandeelhouers nie, dit kan tot uitbreiding lei.
<b>WETLIKE VEREISTES</b>	In die Akte van Oprigting moet vermeld word dat dit 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid is.
<b>AANSPREEKLIKHEID</b>	Direkteure het onbeperkte aanspreeklikheid en hulle is gesamentlik aanspreeklik vir die skuld, selfs al is hulle lank buite die amp.
<b>REGSPERSOONLIKHEID</b>	Die besigheid het 'n regs persoonlikheid...
<b>KONTINUÏTEIT</b>	...sowel as onbeperkte kontinuïteit.
<b>KAPITAAL</b>	Kapitaal word ingesamel deur aandele aan sy aandeelhouers uit te reik. Aandeelhouers verdien dan winste (dividende) uit aandele.
<b>WINSDELING</b>	Winste word gedeel in die vorm van dividende in verhouding tot die aantal aandele wat gehou word.
<b>BELASTING</b>	Betaal belasting op die winste van die besigheid en op verklaarde dividende van aandeelhouers. / Onderhewig aan dubbele belasting.

### 5.2. VOORDELE EN NADELE:

VOORDELE	NADELE
<ul style="list-style-type: none"> <li>Beperkte aanspreeklikheid.</li> <li>Het regs persoonlikheid &amp; kontinuïteit.</li> <li>Aantal aandeelhouers laat meer kapitaal toe.</li> <li>Geen AJV nodig nie.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ingewikkelde stigtingsprosedure.</li> <li>Kan slegs op kapitaal staatmaak wat deur lede bygedra word. (kan nie geld by algemene publiek verkry vir kapitaal nie.).</li> <li>Onderhewig aan dubbele belasting.</li> <li>Jaarlikse finansiële state moet deur 'n gekwalifiseerde persoon hersien word, wat 'n ekstra koste vir die maatskappy is.</li> </ul>

**OPMERKING:** Die voordele & nadele van 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid is dieselfde as die privaatmaatskappy.



## 6. OPENBARE/PUBLIEKE MAATSKAPPY

- 'n Openbare maatskappy is geregistreer is om sy aandele aan die algemene publiek aan te bied. Ontwerp vir grootskaalse besighede wat groot kapitaalbeleggings benodig. Aandele word verhandel deur middel van die Johannesburgse Sekuriteite / Effekte Beurs (**JSE**).

### 6.1. EIENSKAPPE:

EIENSKAP	BESKRYWING
<b>NAAM</b>	Die maatskappy se naam eindig met letters Ltd of Bpk
<b>GETAL EIENAARS</b>	Minimum van een aandeelhouer nodig en geen beperking op die aantal aandeelhouers.
<b>BESTUUR</b>	Die wet dwing persoonlike aanspreeklikheid op direkteure wat bewustelik aan 'n roekelose / bedrieglike wyse deelgeneem het aan die bedryf.
<b>KAPASITEIT</b>	Baie mense kan by die maatskappy aansluit deur aandele aan die publiek uit te reik.
<b>WETLIKE VEREISTES</b>	Registreer by die Registrateur van Maatskappye deur die Akte van Oprigting op te stel. 'n Prospektus word aan die publiek uitgereik om kapitaal te bekom.
<b>AANSPREEKLIKHEID</b>	Aandeelhouers het 'n beperkte aanspreeklikheid
<b>REGSPERSOONLIKHEID</b>	Die besigheid het 'n regs persoonlikheid...
<b>KONTINUÏTEIT</b>	...sowel as onbeperkte kontinuïteit.
<b>KAPITAAL</b>	Kapitaal word ingesamel deur aandele aan die publiek uit te reik en kapitaal te leen deur skuldbriewe uit te reik.
<b>WINSDELING</b>	Winste word gedeel in die vorm van dividende in verhouding tot die aandeel wat gehou word.
<b>BELASTING</b>	Betaal belasting op die winste van die besigheid en op verklaarde dividende van aandeelhouers. / Onderhewig aan dubbele belasting.

### 6.2. VOORDELE EN NADELE:

VOORDELE	NADELE
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beperkte aanspreeklikheid.</li> <li>• Het regs persoonlikheid &amp; kontinuïteit.</li> <li>• Kan groot bedrae kapitaal bekom.</li> <li>• Kan vaardige personeel lok omdat hulle hulle goed kan betaal.</li> <li>• Bied werksekuriteit.</li> <li>• Streng regulatoriese vereistes beskerm aandeelhouers.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ingewikkelde stigtingsprosedure.</li> <li>• Sekere inligting moet kragtens die wet gepubliseer word bv. finansiële state.</li> <li>• AJV moet gehou word.</li> <li>• Mislukking kan tot grootskaalse werkloosheid lei.</li> <li>• Aandeelhouers mag min of geen insette lewer in die sake van die onderneming nie.</li> </ul>

## 7. MAATSKAPPE IN STAATSBESIT

- 'n Staatsonderneming het die regering as sy grootste aandeelhouer en val onder die departement van openbare ondernemings.
- Hierdie besighede neem namens die regering die rol van kommersiële ondernemings aan.

### 7.1. EIENSKAPPE:

EIENSKAP	BESKRYWING
<b>NAAM</b>	Die naam eindig met die letters SOC.
<b>GETAL EIENAARS</b>	Vereis 3 of meer direkteure en 1 of meer aandeelhouers. Dit word deur die regering besit en word vir winsgewend bedryf.
<b>BESTUUR</b>	Aandelhouers kan stem vir die mees bevoegde direkteure en word aangestel om die maatskappy te bestuur.
<b>KAPASITEIT</b>	Baie mense kan by die maatskappy aansluit deur aandele aan die publiek uit te reik.
<b>WETLIKE VEREISTES</b>	Registreer by die Registrateur van Maatskappye deur die Akte van Oprigting op te stel.
<b>AANSPREEKLIKHEID</b>	Aandeelhouers het 'n beperkte aanspreeklikheid
<b>REGSPERSOONLIKHEID</b>	Die besigheid het 'n regs persoonlikheid...
<b>KONTINUÏTEIT</b>	...sowel as onbeperkte kontinuïteit.
<b>KAPITAAL</b>	die maatskappy het toegang tot lang termyn kapitaal en daarom goeie lang termyn geleenthede vir groei
<b>WINSDELING</b>	Winste word gedeel in die vorm van dividende. Genereer inkomste om sosiale programme te finansier.
<b>BELASTING</b>	Betaal belasting op die winste van die besigheid en op verklaarde dividende van aandeelhouers. / Onderhewig aan dubbele belasting.

### 7.2. VOORDELE EN NADELE:

VOORDELE	NADELE
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beperkte aanspreeklikheid.</li> <li>• Het regs persoonlikheid &amp; kontinuïteit.</li> <li>• Ondersteuning van regering.</li> <li>• Groter mag by onderhandeling van kontrakte.</li> <li>• Winste kan gebruik word om ander staatsdepartemente te finansier.</li> <li>• Onnodige duplisering van dienste word uitgeskakel.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nie 'n ware vorm van eienaarskap nie omdat die regering alle besluite beheer.</li> <li>• Moeilik om kapitaal te bekom omdat aandele beperk is.</li> <li>• Mag lei tot swak bestuur, want die regering is nie so doeltreffend soos private sektor nie.</li> <li>• Maak staat op subsidies van die regering</li> <li>• Verliese moet deur die belastingbetaler betaal word.</li> </ul>

## 8. NIE-WINSGEWENDE MAATSKAPPYE

- 'n Nie-winsgewende maatskappy / onderneming (NWM/NWO) is nie gestig met die doel om wins te maak nie, maar vir openbare voordeel gevestig.

### 8.1. EIENSKAPPE:

EIENSKAP	BESKRYWING
<b>NAAM</b>	Die naam van die maatskappy moet met NPC/NWM/NWO eindig.
<b>GETAL EIENAARS</b>	Met of sonder lede. Hoef nie lede te hê nie.
<b>BESTUUR</b>	Die raad moet bestaan uit ten minste 3 inkorporeerders en 3 direkteure en kan goed bestuur word aangesien dit 3 direkteure benodig.
<b>KAPASITEIT</b>	Meer aandeelhouers mag betrokke raak / by die maatskappy aansluit, aangesien hulle positief bydra tot die samelewing.
<b>WETLIKE VEREISTES</b>	Dit moet 'n Akte van Oprigting opstel.
<b>AANSPREEKLIKHEID</b>	Lede het 'n beperkte aanspreeklikheid. Direkteure is aanspreeklik vir enige verlies / skade / koste wat die maatskappy ondervind.
<b>REGSPERSONLIKHEID</b>	Die besigheid het 'n regspersoonlikheid...
<b>KONTINUÏTEIT</b>	...sowel as onbeperkte kontinuïteit.
<b>KAPITAAL</b>	Hulle word befonds deur donasies. Maklik om fondse / kapitaal in te samel, aangesien skenkers belastingvoordele geniet.
<b>WINSDELING</b>	Die hoofdoel is om diens te lewer en nie wins te maak nie. Alle winste moet gebruik word vir die primêre doelwit van die maatskappy.
<b>BELASTING</b>	Kwalifiserende NWM word belastingvrystellingstatus verleen (vrygestel van belasting).

### 8.2. VOORDELE EN NADELE:

VOORDELE	NADELE
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lede het beperkte aanspreeklikheid, maar direkteure kan aanspreeklik gehou word vir verlies / skade.</li> <li>• Het regspersoonlikheid &amp; kontinuïteit.</li> <li>• Donateurs/skenkers ontvang belastingaftrekkings</li> <li>• Kan befonding by nasionale lottery trust en ander agentskappe kry.</li> <li>• Vrygestel van belasting by SAID.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hulle word nie toegelaat om bonusse aan lede te betaal nie.</li> <li>• Bates moet na maatskappy met soortelyke doel oorgeplaas word wanneer maatskappy ontbind word.</li> <li>• Moet finansiële en rekenkundige rekords hou.</li> <li>• Mag wins maak, maar mag nie eiendom of wins aan lede versprei nie.</li> <li>• Moet 'n AJV hou.</li> </ul>

## 9. KOÖPERASIES

- 'n Koöperasie is 'n tradisionele manier waarop 'n groep belangstellendes bymekaarkom en hulpbronne / infrastruktuur en koste deel om 'n beter resultaat te bereik.

### 9.1. EIENSKAPPE:

EIENSKAP	BESKRYWING
<b>NAAM</b>	Die woord 'Cooperative Limited' moet aan die einde van sy naam verskyn.
<b>GETAL EIENAARS</b>	Minstens 5 lede word vereis om 'n koöperasie te begin.
<b>BESTUUR</b>	Lede besit en bestuur die onderneming saam. Besluite word demokraties geneem. Hulle word deur minstens 3 direkteure bestuur.
<b>KAPASITEIT</b>	Die doel van 'n koöperasie is om gemeenskaplike voordeel vir die lede te skep en meer lede toelaat om as 'n span saam te werk.
<b>WETLIKE VEREISTES</b>	Moet by die Registrateur van Koöperasiesverenigings registreer.
<b>AANSPREEKLIKHEID</b>	Lede het 'n beperkte aanspreeklikheid.
<b>REGSPERSOONLIKHEID</b>	Die besigheid het 'n regspersoonlikheid en kan grond besit en bankrekeninge open.
<b>KONTINUÏTEIT</b>	Die besigheid het onbeperkte kontinuïteit.
<b>KAPITAAL</b>	Die bedrag van kapitaal wat 'n koöporasie kan bekom van lede is baie beperk. Kan ekstra kapitaal verkry deur lede te vra om aandele te koop.
<b>WINSDELING</b>	Winste word eweredig tussen lede gedeel.
<b>BELASTING</b>	Betaal belasting op inkomste wat behou word vir belegging en reserwes en surplusinkomste word volgens beskerming aan individuele lede teruggestuur wat belasting op daardie inkomste betaal.

### 9.2. VOORDELE EN NADELE:

VOORDELE	NADELE
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beperkte aanspreeklikheid.</li> <li>• Het regspersoonlikheid &amp; kontinuïteit</li> <li>• Fasiliteite van lede word saamgevoeg om gemeenskaplike doelstellings te bereik.</li> <li>• Beter produksie weens lojale en toegewyde lede omdat hulle vir hulself werk.</li> <li>• Besluitneming is deur 'n groep en is demokraties en regverdig.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kan nie hoë salarisse betaal nie.</li> <li>• Sukses hang af van lojaliteit, toewyding en ondersteuning van lede.</li> <li>• Kan moeilik wees om lenings te kry, want die hoofdoel is nie altyd om wins te maak nie.</li> <li>• Besluite is dikwels moeilik bereikbaar en tydrowend.</li> <li>• Verpligtend om finansiële state te oudit.</li> </ul>

10.1. Tabuleer die verskille tussen 'n **PRIVAAT** en 'n **PUBLIEKE** maatskappy

	<b>PRIVAAT MAATSKAPPY</b>	<b>PUBLIEKE MAATSKAPPY</b>
<b>NAAM</b>	Naam moet eindig met Eiendoms Beperk / (Edms) Bpk.	Naam moet eindig met Beperk / Bpk.
<b>BESTUUR</b>	Minstens <b>EEN</b> direkteur.	Minstens <b>DRIE</b> direkteure.
<b>KAPITAAL</b>	Mag <b>GEEN</b> aandele aan die algemene publiek aangebied word nie.	Verhandel sy aandele openlik op die Johannesburgse Effektebeurs.
<b>AANDELE</b>	Aandele is <b>NIE</b> vryelik oordraagbaar nie	Aandele is vryelik oordraagbaar.
<b>FINANSIËLE STATE</b>	Jaarlikse finansiële state hoef <b>NIE</b> geoudit en gepubliseer te word nie.	Jaarlikse finansiële state moet geouditeer en gepubliseer word.
<b>PROSPEKTUS</b>	Het <b>NIE</b> nodig om 'n prospektus te publiseer nie, aangesien dit nie sy aandele in die openbaar kan verhandel nie.	Moet 'n prospektus by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (KMIE) registreer en publiseer.
<b>MINIMUM INSKRYWING</b>	Die maatskappy hoef <b>NIE</b> die minimum inskrywing / minimum aandele uit te reik nie.	Moet 'n minimum intekening insamel voor die aanvang van die onderneming.

10.2. Verskille tussen **PRIVAAT** maatskappy en 'n **PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEIDS**-maatskappy

	<b>PRIVAAT MAATSKAPPY</b>	<b>PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEIDS - MAATSKAPPY</b>
<b>NAAM</b>	Die naam eindig met (PTY) Ltd / (Edms) Bpk	Die naam eindig met INC / Geink.
<b>AANSPREEKLIKHEID</b>	Die direkteur is <b>NIE</b> persoonlik aanspreeklik vir die skuld van die onderneming nie.	Die direkteur is persoonlik aanspreeklik vir die skuld van die onderneming.

11. Bespreek/Verduidelik die **VOORDELE** v.d. stigting van 'n maatskappy teenoor ander vorme van eienaarskap:
- 11.1. **REGSTATUS EN AANSPREEKLIKHEID:**
- 'n Maatskappy het sy eie wettige status, handelsnaam en besit sy bates.
  - Aandeelhouers se private bates word beskerm omdat dit 'n beperkte aanspreeklikheid het.
  - Die aandeelhouers het geen direkte regsverantwoordelikheid nie.
  - Maatskappye het hul eie name en dit word beskerm.
- 11.2. **WINSDELING:**
- Aandeelhouers deel in die winste van die maatskappy deur dividende.
- 11.3. **EIENAARSKAP EN BESTUUR:**
- Aandeelhouers kan aandele vryelik in 'n openbare maatskappy koop en verkoop.
  - Die maatskappy word bestuur deur gekwalifiseerde en bekwame direksie.
  - Dit is minder waarskynlik dat 'n onderneming konsultante gebruik, aangesien dit 'n groter poel vaardighede en kundigheid het.
  - Direkteure is meer geneig om te waag en groeigeleenthede vir die onderneming moontlik te maak.
- 11.4. **KAPITAAL EN KONTANTVLOEI:**
- 'n Maatskappy kan meer beleggers hê om die oprigting van die onderneming te finansier.
  - Maatskappye het 'n beter kontantvloei as alleenhandelaars.
  - 'n Maatskappy is nie beperk tot die individuele bydrae van die lede se kapitaal nie.
  - Die langtermyn groeigeleenthede vir maatskappye is baie goed, want daar is altyd 'n moontlikheid om meer beleggers in te kry.
  - Direkteure hoef nie persoonlike lenings aan te gaan om die maatskappy te laat groei nie.
- 11.5. **LEWENSDUUR EN KONTINUÏTEIT:**
- 'n Maatskappy het kontinuiteit van bestaan.
  - Maatskappyaandele kan oorgedra / gekoop / verkoop word.
- 11.6. **BELASTING:**
- Maatskappye het belastingvoordele wat ander ondernemings nie het nie
  - Hulle kan belastingkortings kry as hulle betrokke is by projekte met maatskaplike verantwoordelikheid.
12. Bespreek/Verduidelik **UITDAGINGS** v.d. stigting van 'n maatskappy teenoor ander vorme.
- 12.1. **BESTUUR & BEHEER UITDAGINGS:**
- Direkteure het moontlik nie 'n persoonlike belang in die maatskappy nie, en dit kan verhoed dat die maatskappy maksimaal groei en lok moontlik nie beleggers nie.
  - Konflik kan ontstaan tussen eienaars van die maatskappy en die bestuur wat beheer het.
  - As direkteure verander, kan daar 'n gebrek aan kontinuiteit in die bestuur wees.
  - Politiek kan in die pad kom en bestuurders word om die verkeerde redes aangestel.
  - Die eienaars van die maatskappy het meer aanspreeklikheid.
  - 'n Maatskappy kan ophou om te bestaan indien dit deur die Registrateur van Maatskappye gederegistreer word.

## 12.2. FINANSIËLE UITDAGINGS:

- Hoe meer aandele daar is, hoe minder wins per aandeel.
- 'n Maatskappy moet elke finansiële jaar 'n volledige verslag aan alle belanghebbendes voorlê.
- Daar word van hulle verwag om alle finansiële inligting bekend te maak wat 'n onbillike voordeel vir hul mededingers kan bied.
- 'n Groot hoeveelheid geld word spandeer aan finansiële oudits en rekeningkundige fooie weens regeringsregulasies.
- Maatskappye het meer belastingvereistes en ander belasting is hoog.
- Maatskappye in staatsbeheer lewer dikwels nie-winsgewende dienste wat daartoe lei dat die regering deur die maatskappy geld verloor.

## 13. Verduidelik / Beskryf / Bespreek die **PROSEDURE VIR DIE STIGTING VAN MAATSKAPPYE.**

<b>STAP 1</b>	Bepaal die mense wat die maatskappy gaan stig
<b>STAP 2</b>	Bespreek 'n maatskappy se naaam by die Registrateur van Maatskappye
<b>STAP 3</b>	Stel 'n memorandum van inlywing/inkorporasie op
<b>STAP 4</b>	Dien 'n kennisgewing van inlywing/inkorporasie in
<b>STAP 5</b>	Verkry 'n unieke registrasienommer
<b>STAP 6</b>	Registreer maatskappy by die Registrateur van Maatskappye.
<b>STAP 7</b>	Maak 'n bankrekening oop en registreer vir belasting.
<b>STAP 8</b>	Stel 'n prospektus vir potensiële beleggers op.

- ## 14. Bespreek/Verduidelik die **WETLIKE VEREISTES VAN DIE NAAM** van die onderneming, bv
- Moet **OORSPRONKLIK** wees en mag **NIE MISLEIDEND** wees nie.
  - Moet op alle **MAATSKAPPYDOKUMENTE** verskyn, bv. op briefhoofde.
  - Dit is die **EERSTE STAP** om 'n maatskappy te registreer, maar dit is nie verpligtend nie.
  - Kan **GERESERVEER** word vir 'n periode van **6 MAANDE** deur die CIPC/KMIE.
  - Mag **NIE DIESELFDE WEES** as enige ander maatskappy nie, tensy dit deel is van die groep.
  - Mag **NIE** 'n **PERSOON** impliseer / voorstel / mislei om te glo dat die maatskappy deel is van 'n ander persoon / besigheid / die staat nie.
  - Mag **NIE AANSTOOTLIK** wees nie / **GEWELD** / **HAAT** bevorder en skade berokken.
  - Moet **NIE VERKORT** en **VERTAAL** word nie.
  - Moet die **TIPE** maatskappy aandui: die naam van 'n maatskappy moet **EINDIG** met...

**Definieer die volgende KONSEPTE:**

**15. MEMORANDUM VAN INLYWING/INKORPORASIE / MOI**

**15.1. Betekenis van Memorandum Van Inlywing/Inkorporasie / MOI:**

- MOI dien as die samestelling van 'n maatskappy.
- Maatskappye word bestuur volgens die reëls soos uiteengesit in die MOI.
- Elke maatskappy moet 'n afskrif van sy MOI aan die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (KMIE) verskaf.
- MOI beskryf die verhouding tussen die onderneming en sy belanghebbendes.
- MOI beskryf die regte, verantwoordelikhede en pligte van die aandeelhouers en direkteure.
- Verskaf besonderhede oor inlywing, die aantal direkteure en die aandelekapitaal.
- Bevat inligting oor die naam / registrasiekantoor en rekords van 'n maatskappy.

**15.2. Aspekte wat in die Memorandum Van Inlywing/Inkorporasie ingesluit moet word:**

- Inkorporeerders
- Aard van die maatskappy
- Sekuriteite van die maatskappy
- Aandeelhouers en vergaderings
- Direkteure en beamptes
- Naam van die maatskappy
- Die hoofdoelstellings van die maatskappy
- Aantal aandele wat elke inkorporeerder sal koop
- Bedrag aandelekapitaal geregistreer
- Reëls en regulasies van die maatskappy
- Naam van die ouditeur

**15.3. Kennisgewing Van Inlywing/Inkorporasie:**

- Die kennisgewing moet saam met die standaardvorm van Memorandum Van Inlywing / Inkorporasie ingedien word, en dit bevat die volgende inligting:
  - Soort onderneming
  - Finansiële jaareinde
  - Aantal direkteure
  - Datum van inlywing
  - Geregistreerde adres
  - Maatskappynaam

**16. PROSPEKTUS**

**16.1. Betekenis van 'n Prospektus**

- 'n Prospektus is 'n skriftelike uitnodiging aan die publiek om die sekuriteite te koop wat deur 'n openbare maatskappy aangebied word.
- Dit is 'n formele regsdocument met besonderhede oor beleggingsaanbiedinge aan die publiek.
- 'n Prospektus kan slegs deur 'n maatskappy uitgereik word, en dit moet binne drie maande na die datum van registrasie wees.
- Dit gee inligting oor die onderneming.



## 16.2. Aspekte wat in die Prospektus opgeneem moet word:

- Oorsig van die maatskappy, insluitend die visie, missie en doelstellings van 'n onderneming
- Produk- of diensportefeulje
- Markanalise en strategie
- Bestuurspan
- Die risiko en potensiaal van die onderneming
- Beskikbare finansiële en aandele-inligting
- Bates en laste van die maatskappy
- Finansiële posisie
- Winste en verliese
- Kontantvloei
- Vooruitsigte vir groei
- Vooraf-inkorporasiekontrakte wat onderteken is
- Datum van registrasie van die prospektus
- Die minimum intekening

### 16.2.1. Betekenis van die Aanvanklike Openbare/Publieke Aanbod/IPO:

- Dit is wanneer die maatskappy vir die **EERSTE KEER** aandele aan die publiek uitreik.
- Die maatskappy moet 'n prospektus opstel voordat die aanvanklike aanbod aangegaan word.
- Die meeste maatskappye onderneem 'n "IPO" met die hulp van 'n beleggingsbankfirma wat optree as 'n onderskrywer.

### 16.2.2. Betekenis van die Sekondêre Aanbod:

- 'n Sekondêre aanbod is 'n aanbod van sekuriteite deur 'n aandeelhouer van die maatskappy in teenstelling met die maatskappy self, wat 'n primêre aanbod is.
- 'n Sekondêre aanbod is die verkoop van nuwe of behoue aandele deur 'n maatskappy wat reeds 'n aanvanklike openbare aanbod (IPO) gedoen het.

## ONDERWERP 2: ROETES VIR DIE VERKRYGING VAN 'N BESIGHEID

TERM	DEFINISIE
Handelsmerk	'n Simbool, woord of woorde wat wettig geregistreer of ingestel is as gebruik as 'n maatskappy of produk.
Klandisiewaarde	Die gevestigde reputasie van 'n onderneming wat as 'n meetbare bate beskou word en bereken word as deel van die waarde daarvan wanneer dit verkoop word
Geografiese Area	Wanneer 'n besigheid die mark op grond van geografie verdeel. Kan 'n mark volgens gebied geografies verdeel, soos stede, provinsies, streke, lande en internasionale streke.
Oorhoofse Koste	Verwys na die uitgawes verbonde aan die bestuur van 'n besigheid wat nie gekoppel kan word aan die vervaardiging van 'n produk of diens nie. Dit is die uitgawes wat die onderneming aangaan om in besigheid te bly, ongeag die suksesvlak.
Deskundiges	Iemand wat baie kundig is in of op 'n spesifieke gebied.
Aansporings	'n Betaling of toegewing om groter produksie te stimuleer.

### 1. Verduidelik / Bespreek / Motiveer die **REDE WAAROM ENTREPRENEURS KAN BESLUIT OM 'N BESTAANDE ONDERNEMING TE KOOP.**

- Makliker om finansies te bekom as die besigheid 'n goeie geskiedenis het.
- Onmiddellike kontantvloei omdat daar reeds gevestigde klante is.
- Verspreiding, verskaffingskakels en personeel is reeds gevestig.
- Die mark word nie verder onderverdeel deur 'n ekstra besigheid nie.
- Bestaande bates vorm deel van die besigheid en hoef nie gekoop te word nie.

### 2. **FRANCHISES:**

- 'n Franchise is die reg wat 'n besigheid het om die naam, handelsmerk, idees, prosesse en klandisiewaarde van 'n bestaande besigheid in 'n spesifieke geografiese area te gebruik ten einde sy goedere of dienste te verkoop.
- Daar is **DRIE HOOFTIPES** franchises:

	'n <b>PRODUK</b> -franchise, waar die franchise-houer as 'n kleinhandelaar optree om spesifieke produkte te verkoop.
	'n <b>STELSEL</b> -franchise, waar die franchise-gewer die franchise-houer toelaat om op 'n unieke manier sake te doen.
	'n <b>VERVAARDIGINGSOOREENKOMS</b> -franchise, waar die franchise-gewer 'n noodsaaklike bestanddeel of kundigheid verskaf.

Omskryf/Noem/Bespreek/Verduidelik die **VOORDELE, NADELE EN KONTRAKTUELE VERPLIGTINGE** van verkryging van 'n **FRANCHISE**:

2.1. **VOORDELE & NADELE** van 'n Franchise:

<b>VOORDELE</b>	<b>NADELE</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Suksesvolle ander franchises kan bestudeer word voordat 'n verbintenis aangegaan word.</li> <li>• 'n Erkende handelsnaam en handelsmerk.</li> <li>• Sal baat vind by enige advertering of promosieveldtog deur die franchise-gewer.</li> <li>• Die franchise-houer verkry eksklusiewe regte in 'n sekere geografiese area.</li> <li>• Banke is meer geneig om geld te leen vir die koop van 'n franchise met 'n goeie reputasie.</li> <li>• Verhoudings met verskaffers is reeds gevestig.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die koste kan dalk hoër wees as wat verwag is. Die besigheid moet voortdurend patenthouersaandeel betaal en die besigheid moet dalk instem om produkte van die franchise-gewer te koop.</li> <li>• Daar kan dalk beperkings in die franchise-ooreenkoms wees oor hoe jy die besigheid kan bedryf.</li> <li>• Die franchise-gewer kan dalk ophou sake doen.</li> <li>• Ander franchise-houers kan die handelsmerk 'n slegte reputasie gee.</li> <li>• 'n Persentasie van verkope word gewoonlik met die franchise-gewer gedeel.</li> </ul>

2.2. **KONTRAKTUELE VERPLIGTINGE** van 'n Franchise

- Die franchise-gewer en franchise-houer sal 'n formele ooreenkoms aangaan, wat die rolle, regte en verantwoordelikhede van albei partye uiteensit.
- 'n Franchise-ooreenkoms word opgestel wanneer 'n franchise verkoop word en dit is 'n wetlik bindende dokument.
- Die twee partye betrokke in die kontrak is:
  1. Die **FRANCHISE-GEWER** is die persoon wat die goedere of dienste geskep het en dan die reg om dit te produseer aan 'n ander persoon **VERKOOP**.
  2. Die **FRANCHISE-HOUER** is die persoon of organisasie wat die franchise **KOOP**.
- 'n Franchise-ooreenkoms moet die volgende insluit:
  1. **BEPALINGS & VOORWAARDES:** 'n Opsomming van wat elke party moet doen.
  2. **DIE FRANCHISE-HOUER SE BETALINGS:** Die aanvangsgelde, patenthouersvergoeding, hernuwingsgelde, ens.
  3. **WAT DIE FRANCHISE-HOUER AANBIED:** Die verskaffing van opleiding, toerusting, winkelplanne, voorraad, toebehore, bedryfskapitaal, advertering en enigiets anders waarvoor ooreengekom is.
- Die ooreenkoms sal ook die volgende **BETALINGS** spesifiseer:
  - die aanvangsgelde;
  - maandelikse bestuursgelde;
  - patenthouersvergoeding volgens omset;
  - gelde vir masjinerie en toerusting; en
  - gelde vir advertering.
- Deur 'n besigheid met 'n bekende naam en stel prosedures en aktiwiteite te verkoop, is die franchise-gewer in staat om die gehalte van die goedere of dienste wat gelewer word, te beheer.
- Die Franchise-vereniging van Suid-Afrika (FASA) is gestig om franchise-eienaars te ondersteun en te adviseer.

### 3. UITKONTRAKTERING:

- Uitkontraktering is die toekenning van 'n kontrak vir enige taak, funksie, werk of proses wat deur werknemers in 'n besigheid uitgevoer kan word, aan 'n derde party.
- Gedoen deur kleiner besighede om koste te verminder.
- Word gewoonlik nie op dieselfde perseel uitgevoer as die besigheid wat die funksie uitkontraakteer nie.
- Redes vir uitkontraktering:
  - Beter gebruik van personeel
  - Toegang tot geskoolde mense
  - Fokus op die maatskappy se visie en doelwitte
- Gebrek aan hulpbronne en toerusting.
- Funksies wat uitgekontraakteer kan word, sluit in die betaalstaat, werwing van menslike hulpbronne, skoonmaakdienste, e-handel, bemarking, sekuriteit en boekhouddienste. Die huur van 'n tydelike werknemer terwyl die sekretaresse met kraamverlof is, is nie uitkontraktering nie

Omskryf/Noem/Bespreek/Verduidelik die **VOORDELE, NADELE EN KONTRAKTUELE VERPLIGTINGE** van verkryging van **UITKONTRAKTERING**:

#### 3.1. VOORDELE & NADELE van Uitkontraktering:

VOORDELE	NADELE
<ul style="list-style-type: none"><li>• Stel die besigheid in staat om op sy kernfunksies te fokus.</li><li>• Bespaar koste en verbeter doeltreffendheid.</li><li>• Kan oorhoofse kostes verminder.</li><li>• Kry beheer oor 'n funksie terug.</li><li>• Bied personeelbuigsamheid gedurende spitsstye.</li><li>• Voorsien kontinuïteit en verminder risiko's.</li><li>• Ontwikkel interne personeel deur interne personeel saam met die uitgekontraakteerde deskundiges aan 'n projek te laat werk om nuwe vaardighede aan te leer</li></ul>	<ul style="list-style-type: none"><li>• Verlies van bestuursbeheer.</li><li>• Versteekte koste.</li><li>• Bedreiging van sekuriteit en vertroulikheid.</li><li>• Gehalteprobleme.</li><li>• Verbind met die finansiële welstand van 'n ander maatskappy.</li><li>• Swak interne en eksterne publisiteit</li></ul>

#### 3.2. KONTRAKTUELE VERPLIGTINGE van Uitkontraktering:

- Kontraktuele ooreenkoms tussen twee partye en beide partye moet die kontrak onderteken.
- Die besigheid waaruit die funksie uitgekontraakteer word, staan bekend as die ondernemer.
- Die volgende moet deur beide partye oorweeg word:
  - Pas die ooreenkoms in met die visie en doelwitte van beide maatskappye.
  - Kan die werk wat gelewer word gemeet word in terme van prestasie.
  - Aansporings en boetes moet ingesluit word in die ooreenkoms.
  - Aanspreeklikheid en deursigtigheid moet verseker kan word.
- 'n **SUBKONTRAK** is 'n geval waar 'n ondergeskikte kontrak vir die verskaffing van materiale en arbeid aan iemand anders as die hoofkontraakteur toegeken word. Byvoorbeeld, 'n boukontraakteur kan baie van die take wat met die bou van 'n huis te doen het, uitkontraakteer aan 'n subkontraakteur, soos elektriese bedrading of loodgieterswerk.

#### 4. **HUUR VAN BESIGHEIDSBATES:**

- 'n Huurkontrak is 'n ooreenkoms waarvolgens grond of roerende bates vir 'n gespesifiseerde tyd deur die eienaar aan 'n huurder verhuur word. Dit kan bates insluit soos toerusting, geboue, huise, woonstelle, masjinerie, voertuie, ens.
- Aanvangskapitaal is nodig, of 'n besigheid uit niks begin word, of 'n bestaande besigheid gekoop word, of selfs wanneer 'n franchise gekoop word. Die entrepreneur het dalk nie genoeg kapitaal om onmiddellik al die toerusting of ander bates wat die besigheid nodig het, te koop nie.

Omskryf/Noem/Bespreek/Verduidelik die **VOORDELE, NADELE EN KONTRAKTUELE VERPLIGTINGE** van verkryging van **HUURKONTRAKTE**:

##### 4.1. **VOORDELE & NADELE** van Huurkontrakte:

<b>VOORDELE</b>	<b>NADELE</b>
<ul style="list-style-type: none"><li>• Die besigheid verkry die gebruik van die bate sonder aanvangskoste.</li><li>• Die besigheid kan die jongste tegnologie verkry sonder dat groot bedrae kapitaal belê moet word.</li><li>• Die besigheid loop nie die risiko dat duur toerusting verouderd raak nie. Die gehuurde items word aan die einde van die huurtermyn aan die verhuurder teruggegee.</li><li>• Vir die huurder is die huurbetalings belastingaftrekbaar.</li><li>• Huur verbeter die kontantvloei van die besigheid.</li><li>• Huur word as 'n uitgawe vir die huurder beskou en word dus nie as skuld geag nie.</li></ul>	<ul style="list-style-type: none"><li>• Die totale huurbetalings kan dalk meer wees as die oorspronklike koopprys van die gehuurde items.</li><li>• Die huurder word deur die huurkontrak gebind selfs al het die besigheid dalk nie meer die items nodig nie.</li><li>• Wanneer die eienaar die besigheid wil verkoop, sal die huurkontrak deur die koper van die besigheid oorgeneem moet word.</li></ul>

##### 4.2. **KONTRAKTUELE VERPLIGTINGE** van Huurkontrakte:

- Alle huurooreenkomste word met streng wetlike verrigtinge aangegaan en is formele kontrakte tussen die **VERHUURDER** en die **HUURDER**.
- Die **VERHUURDER** is die persoon of organisasie wat instem om die bates aan 'n ander persoon of organisasie te verhuur.
- Die **HUURDER** is die persoon of organisasie wat hierdie bates huur.
- Wanneer 'n huurkontrak opgestel word, moet die volgende aspekte bepaal word:
  - **HUURPERIODE**: Die tydperk waarvoor jy van voorneme is om die perseel of items te gebruik en of daar 'n hernuwingsopsie is.
  - **KOSTE** van die huurtydperk: Dit sluit in die basiese huur, bedryfskoste, en onderhoudskoste en sekuriteitsdienste.
  - **JAARLIKSE ESKALASIE**: Dit beteken dat die huur elke jaar met 'n sekere persentasie gaan styg.

**EINDE VAN DEEL 1 VAN 2**